

**HELDE VEREER BY SAW GEDENKDIENS**

**Pretoria, 22 Mei 2012.** Die jaarlikse herdenkingsdiens by die SA Weermag Muur van Herinnering op die Voortrekkermonument Erfenisterrein, sal vanjaar op Sondag, 3 Junie om 09h00 vir 09h40 plaasvind.

Hierdie jaar het die SA Nasionale Weermag sy steun aan die diens toegesê en dienende lede van die SANW is welkom om die diens in uniform by te woon. Die Hoof van die SANW kan ongelukkig nie self die diens bywoon nie, maar hy het 'n generaal aangewys om namens hom 'n krans te lê.

Die ongekeerde belangstelling in die gedenkdiens het veroorsaak dat die sitplekarea voor die muur vergroot moes word om plek te maak vir meer as 1 200 stoele op verskillende terrasse. Die stutmuur agter die sitplekke word dan ook ingerig as 'n nismuur met 280 nisse vir oud-lede en burgerlike werknemers van die Weermag.

Daar sal vanjaar weer 'n aantal nuwighede by die herdenkingsdiens wees. Tydens die diens sal die Pro Patria-medalje aan 'n oud-lid oorhandig word wat tydens 'n landmyninsident sy oë en albei hande verloor het, maar agv omstandighede nog nooit sy grensdiensmedalje ontvang het nie. 'n Spesiale muur sal langs die SAW Muur van Herinnering onthul word met die name op van al die persone wat die Honoris Crux dekorasie (verskillende klasse), die Van Riebeeck dekorasie en medalje en die Louw Wepener dekorasie en medalje vir dapperheid ontvang het. Tydens die diens sal daar ook 'n verbyvlug van 5 Harvards en 'n Impala-vliegtuig wees.

Die SA Weermag Muur van Herinnering is op 25 Oktober 2009 ingewy. Daar verskyn nou reeds 2 579 name op die Muur, insluitend 'n totaal van 774 wat tydens operasies gedood is. 'n Totaal van 259 name verskyn op die nuwe suile vir dapperheid.

Benewens die feit dat die naamlys van die SA Weermag Muur van Herinnering by die Voortrekkermonument baie volledig is en jaarliks tot 1994 opgedateer word, is die Muur ook baie sigbaar en maklik toeganklik, ook vir fisies-gestremde persone, en word dit gestut deur die VTM se uitstekende infrastruktuur en parkeer-, ablusie- en onthaalfasiliteite. Verskeie ander herdenkingsdienste word reeds jaarliks by die Muur aangebied.

Daar word reeds vir meer as 1 200 gaste wat aanvaar het, op die sitplekplan voorsiening gemaak. Ander lede van die publiek wat graag wil bywoon, is welkom om dit te doen, maar hulle sal op losstaande stoele geakkommodeer moet word. Alle gaste word vriendelik versoek om teen 09h00 te arriveer en teen nie later nie as 09h40 hul sitplekke in te neem, aseblief.

Navrae kan gerig word aan mev Thea Furstenburg by 012 325 7885 of op [thea@erfenisstigting.org.za](mailto:thea@erfenisstigting.org.za).

---

**UITGEREIK DEUR:**  
**GENL-MAJ (AFT) GERT OPPERMAN**  
**BESTURENDE DIREKTEUR**  
**DIE ERFENISSTIGTING**  
**TEL: 012 325 7885**  
**FAKS: 086 615 9587**  
**E-POS: [bd@erfenisstigting.org.za](mailto:bd@erfenisstigting.org.za)**